SA Media - The University of the Orange Free State
Page: 1
Source: BURGER
Date: 08-May-2001
Topic: 08
Ref No: 6847
1
ID: 02677956-01
Source Page: 5

# Staatskas R2 miljard ryker oor Sasria

JACO LEUVENNINK

KAAPSTAD. – Die staatskas het in April vanjaar R2,225 miljard ryker geword.

Dit is te danke aan 'n opbrengs uit die herstrukturering van die Sasria-fonds, het die nasionale tesourie in sy jongste voorlopige oorsig oor staatslenings en finansiering bekend gemaak.

Sasria is die versekeringsfonds waartoe maatskappye vroeër moes bydra om vir verlies weens politieke onrus voorsiening te maak. Die fonds word nou na die private sektor oorgeplaas.

Die regering het begroot om in die lopende boekjaar van 1 April vanjaar tot 31 Maart aanstaande jaar R18 miljard uit die privatisering van staatsbates te verkry.

Die grootste deel hiervan sal waarskynlik uit die beplande Telkom-notering en Sasria kom.

Die tesourie sê voorts in die oorsig dat finansiering van R995,6 miljoen in April deur die uitreiking van staatseffekte verkry is. Die totale begroting vir die jaar vir uitreiking van staatseffekte is R16,3 miljard.

Korttermyn-lenings het met R3,907 miljard toegeneem, terwyl buitelandse lenings nou op R5,961 miljard staan, teenoor die begrote bedrag van R11,360 miljard vir die volle boekjaar.